# Kareeberg Munisipaliteit

## 101/2022 KWOTASIE: MOBIELE TOILETTE

**(Her-adverteer)**

Skriftelike, getekende kwotasies word hiermee ingewag vir die verskaffing en aflewering v.o.s. Carnarvon vir 10 (tien) mobiele toilette. Kwoteerders moet volledige besonderhede en spesifikasies verstrek van die produk.

**Kwoteerders moet hulle belastingnakomingsstatus PIN verstrek. Kwoteerders moet geregistreer wees op die Sentrale Data Basis om die produk/te te kan lewer. Die unieke MAAA nommer moet ook op die Kwotasie verstrek word. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie, sowel as die MBD 1. Die ingevulde vorms MBD 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. Die BBEE vrystelling verklaring moet oorspronklik beëdig wees. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word. Die 80/20 puntestelsel is van toepassing. Let wel dat alle vorms wat benodig word op die webtuiste, www.kareeberg.co.za beskikbaar is.**

Verseëlde kwotasies gemerk **"KWOTASIE: Toilette"** moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 2 Desember 2022 om 12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word. Kwoteerders moet die geldigheidsduur van die kwotasie aandui.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

MNR A VAN SCHALKWYK
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

18 November 2022

L8.2.1

Noordwester: 18 November 2022
Webtuiste: www.kareeberg.co.za